



1. Plak die rooster en inligting teen jou deur of 'n spieël vas - iewers waar jy dit gaan sien. Lees mooi en kyk wanneer jy elke vak of toets skryf.
2. Pak jou boeke, lêers en notas uit en kyk of jy alles het wat nodig is om vir elke leerarea of vak te leer. As jy onseker is, praat met jou onderwyser daaroor. Moenie te lank wag nie en vra vandag nog.
3. Hou jou vorige toetse, werksvulle en opdragte naby, want dit gee dikwels voorbeelde van jou opvoeder se manier van vraagstelling.
4. Rig 'n leerhoekie in (bv. 'n lessenaar, 'n spesifieke stoel...) – met kleurvolle penne, potlode of glimpenne (highlighters) en papier vir notas. As jy *Post It*-velletjies het, kan jy dit gebruik om inligting te merk wat meer aandag kort, wat belangrik is, wat jy saam met iemand wil deur gaan, ens.
5. Lees jou notas, maak aantekeninge en teken jou sketse weer – rofweg – om jou aan die uitleg te herinner. Breinkaarte kan jou help om inligting te herroep wanneer jy hersiening doen. Ek het altyd belangrike aspekte oor geskryf, verlig en rympies met die aanvangsklanke van sleutel terme gemaak.
6. Maak 'n afspraak met 'n maat en bespreek die inligting wat julle geleer het tot op 'n spesifieke bladsy. Is daar 'n som wat moeilikheid gee? Werk saam deur die bewerking. 'n Mens hoef nie te kuier nie en kan mekaar op WhatsApp, Zoom, Skype, ens. help. 'n Vinnige geselsie help soms om 'n struikelblok te oorbrug.
7. As jy iets nie verstaan het nie, gesels met jou opvoeder daaroor - lank voor die toets of eksamen - en wees spesifiek. Bv. *Ek verstaan hoe om hierdie deel te doen, maar sukkel met die volgende stap. Maak ek sus of so?*
8. As musiek help, speel dit saggies in die agtergrond. Vermy musiek wat jou aandag sal aftrek of gebruik dit as 'n beloning nadat jy klaar geleer het.
9. Skakel die televisie en selfoon af, sodat jy op die werk kan fokus.
10. Hou genoeg eetgoed en water naby. 'n Mens wil iets gesonds eet, maar 'n peuselhappie hier en daar help om die energievlakke te lig terwyl jy leer. Kougom help dikwels.
11. Rek en strek of loop 'n vinnige draai deur die huis na elke 30 - 45 minute. Hou jou breuke kort en begin so gou en vroegtydig as moontlik met die studietye.
12. Laai jul herlaaibare lampies of beplan vir beurtkrag.